

## *Memorandum*

### **Geïntegreerde Jaarverslag 2018: Teksaanvraag**

Aan VS-hoofde

26 November 2018

---

Beste Kollegas

Ons verslaggewing oor 2018 se bedrywighede, ons vierde geïntegreerde verslag, gaan uitsonderlik wees – nie net het die Universiteit sy 100-jarige herdenking gevier nie, maar die Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 se siklus is nou voltooi en ’n nuwe Strategiese Raamwerk is deur die Raad goedgekeur. Die verslaggewing sal dus tegelyk ’n bestekopname wees van tot watter mate ons ons IVS-doelwitte verwesenlik het en ’n gereedmaak vir die implementering van die nuwe Strategiese Raamwerk. Die kwaliteit van ons korporatiewe burgerskap sal sekerlik ook ter sprake kom.

Nakoming was ook op ons radarskerms in die verslagjaar. Verskillende taakgroepe het intussen gesorg dat die King IV-verslag se riglyne met sy hernude fokus op etiese leierskap en goeie oorsigbestuur, wat vanaf 2018 op die Universiteit van toepassing sal wees, in ons sakemodel weerspieël word. Ons verslag sal hierdie veranderings in die afdeling “Oorsigbestuur” weerspieël. Verder voldoen ons by voorkeur aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se regulasies soos uiteengesit in die *Staatskoerant, Regulations for Reporting by Public Higher Education Institutions* van 9 Junie 2014, No. 37726.

Die volledige Finansiële Verslag word steeds saam met die Geïntegreerde Verslag in een dokument gepubliseer vir die gerief van ons belanghebbers – hulle kan die nadere besonderhede van hoe ons begroting ons strategiese doelwitte ondersteun daar nagaan. Hierby voeg ons die Fakulteitsverslae waar ons kernbedrywighede gestalte gee aan ons visie en strategiese doelwitte. Hoe berei ons voor vir ’n toekoms waarin tegnologie die werksomgewing heeltemal verander?

Bestudeer asseblief hierdie dokument deeglik en neem kennis van die sperdatum vir tekslewering, naamlik **29 Januarie 2019**. Indien u die taak aan Korporatiewe Kommunikasie wil oorlaat om u omgewing se verslae te integreer, laat weet gerus vir Mattie van der Merwe by [jmvd@m@sun.ac.za](mailto:jmvd@m@sun.ac.za) sodat reëlings getref kan word.

Prof Wim de Villiers  
Rektor & Visekanselier

**TEKSVOORSIENING**

<i>Inhoudelike element</i>	<i>Onderwerp / VS</i>	<i>Aantal woorde</i>	<i>Verantwoordelike personeel</i>
EKSTERNE OMGEWING	Kanseliersboodskap	700	<b>Afdeling Korporatiewe Kommunikasie</b> (Desmond Thompson verleen hulp)
OORSIGBESTUUR	Raadsvoorsittersverslag	1 000+ woorde	<b>Raadsvoorsitter</b> (belangrike Raadsbesluite in 2018) in samewerking met Afdeling Korporatiewe Kommunikasie (Desmond Thompson verleen hulp met die skryfwerk)
	Die Universiteitsraad se verklaring oor korporatiewe bestuur	1 000+ woorde (DHOO-voorskrifte in Staatskoerant No. 37726)	<b>Adjunkregistrator: Institusionele Registrateursfunksies:</b> Universiteitsraad en komitees: funksies, samestelling, bywoning en aktiwiteite  <b>Registrator:</b> Verslagdoening ingevolge die nuwe King IV  <b>Hoofdirekteur Finansies:</b> finansiële en korporatiewe bestuur; tender- en aankoopprosedures  <b>Viserektor (Leer en Onderrig):</b> Inligingstegnologie; studentedeelname  <b>Bedryfshoof:</b> Nuwe IKT-beleide, IKT-beheer  <b>Regsdienste:</b> Nakoming van wette, kodes, regulasies en standaarde; PAIA-nakoming
	Universiteitsraad: samestelling	(Verwys 2017-verslag en DHOO-voorskrifte in Staatskoerant No. 37726)	<b>Registrator</b>
	Senaatsverslag	(Verwys 2017-verslag en DHOO-voorskrifte in Staatskoerant No. 37726)	<b>Registrator</b>
	Verslag van die Institusionele Forum	700 woorde (DHOO-voorskrifte in Staatskoerant No. 37726)	<b>Voorsitter: IF</b>  Aparte skryfopdrag aan voorsitter

PRESTASIE	Rektorsverslag	2 000 woorde	<b>Rektor</b> in samewerking met <b>Korporatiewe Kommunikasie</b> (Desmond Thompson). Word apart aangevra
	Oorsig van ons Finansiële Kapitaal	- (Verwys Staatskoerant No. 37726)	<b>Hoofdirekteur: Finansies</b> <b>Direkteur: Finansiële Dienste</b>
	Bedryf en Finansies	2 000 woorde	<b>VS-hoof</b> of aangewysde sleutelpersoon en skrywers by afdelings.
	Leer en onderrig	2 000 woorde	<b>VS-hoof</b> of aangewysde sleutelpersoon en skrywers by afdelings  <i>Let op:</i> Statistiek vereis deur DHOO oor studente word afsonderlik aangevra. (Senior Direkteur: Inligtingsoorsigbestuur)
	Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie	2 000 woorde	<b>VS-hoof</b> of aangewysde sleutelpersoon en skrywers by afdelings.
	Strategie en Internasionalisasie	2 000 woorde	<b>VS-hoof</b> of aangewysde sleutelpersoon en skrywers by afdelings
	Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	2 000 woorde	<b>VS-hoof</b> of aangewysde sleutelpersoon en skrywers by afdelings <i>Let op:</i> Statistiek vereis deur DHOO oor personeel word afsonderlik aangevra. (Senior Direkteur: Inligtingsoorsigbestuur)
	Fakulteitsverslae	1 000 woorde plus infografika en nuusitem / foto	<b>Dekane:</b> Aparte aanvraagbrief. Doen verslag volgens drie voornemes en omgewingsplan
RISIKO	Risiko-blootstelling, -evaluering en -bestuur	1 000+ woorde (Kyk Jaarverslag 2017 bladsy 70-73. Verwys King IV en Staatskoerant No. 37726)	<b>Direkteur: Riskobestuur en Kampusekureiteit</b> Gebruik termokaart om 10 tot 20 van belangrikste risiko's uit te lig in tabel volgens strategiese prioriteite en nakomingsrisiko's.
	Statistiek	(Verwys Staatskoerant No. 37726; ministeriële teikens)	<b>Senior Direkteur: Inligtings-oorsigbestuur:</b> Statistiek vereis deur DHOO oor personeel, studente, ministeriële teikens en bestuursaanwysers word afsonderlik aangevra.
	Finansiële verslag	(Verwys Staatskoerant No. 37726, IFRS en King IV)	<b>Bedryfshoof / Hoofdirekteur: Finansies</b>

## Skryfproses

Die Uitvoerende Bedryfshoof en die Viserektore het 'n keuse ten opsigte van die formaat waarin hulle die inligting oor hul verantwoordelikhedsentrums (VS) se uitvoering van hul aksieplanne volgens die Institusionele Plan 2018–2023 wil lewer:

1. Óf die VS'e se verslae kan deur die VS-hoofde self geskryf word met die inligting georganiseer onder die VS se strategiese doelwitte, met 'n slotparagraaf oor die VS se vooruitsigte in terme van die strategiese doelstellings en volhoubaarheid. Die teks sal taalkundig versorg word en in Februarie aan die VS-hoofde voorgelê word vir goedkeuring, waarna dit vertaal sal word.
2. Óf die VS-hoofde kan die onderskeie afdelings se verslae net so aan die redakteur stuur saam met die VS se omgewingsplan, waarna sy dit sal laat oorskryf en integreer onder die VS se strategiese doelwitte. Die verslae sal dan in Februarie aan die VS-hoofde voorgelê word vir goedkeuring en die skryf van 'n slotparagraaf oor die **vooruitsigte** in terme van die strategiese doelstellings. Hierna sal die teks vertaal word.

Om die taak vir die skrywers makliker te maak, het ons 'n **Inhoudsraamwerk** in die vorm van vrae opgestel (sien bladsy 7). Hierdie vrae dek die inhoud wat 'n geïntegreerde verslag vereis en verseker dat die korrekte soort inligting in die VS-verslae opgeneem word waarmee die redaksie die publikasie kan saamstel.

Die skryfproses verloop dus soos volg:

- Binne elk van die VS-omgewings word 'n **sleutelpersoon** aangewys vir die samestelling van die betrokke verslag.
- Elke VS-hoof vra insette uit sy eie omgewing aan deur die bemiddeling van die sleutelpersoon wat die insameling van inligting vir sy VS bestuur en leiding gee waar nodig.
- **Elke afdeling lewer sy insette aan die sleutelpersoon deur die vrae in die Inhoudsraamwerk op bladsy 7 te beantwoord.**
- Elke sleutelpersoon lê sy VS se saamgestelde verslag aan sy of haar VS-hoof voor vir goedkeuring of integrering van die inhoud. Integrering kan ook op versoek deur die redakteur van die jaarverslag hanteer word. Laat weet asseblief vooraf indien u hierdie roete gaan volg. Wanneer u die afdelings se inligting lewer, voorsien asseblief u omgewing se institusionele sesjaarplan daarmee saam.
- Indien die VS-hoof tevrede is, kan die inligting aangestuur word na me Mattie van der Merwe ([jmvdmsun.ac.za](mailto:jmvdmsun.ac.za)) by Korporatiewe Kommunikasie om haar te bereik teen **29 Januarie 2019**. Sy sal beskikbaar wees vir navrae (tel. 07654 808 40). Wanneer die verslae dus by haar ingelewer word, word aanvaar dat dit reeds deur die betrokke VS-hoofde nagegaan is.
- Hierna word die inligting verwerk tot 'n geïntegreerde verslag of taalkundig versorg en aan die VS-hoofde voorgelê vir finale regstelling en goedkeuring.
- Op bladsy 12 van hierdie dokument sal u 'n uiteensetting per verantwoordelikhedsentrum kry van die inligting wat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding in ons Geïntegreerde Jaarverslag vereis (Staatskoerant, 9 Junie 2014, No. 37726). Gaan net asseblief na of u al daardie inligting in u verslag dek.

- **Ons gee 'n aantal woorde (2 000 per VS) as riglyn**, maar beroep ons op die goeie oordeel van die skrywers om minder te skryf, of selfs die telling te oorskry, na gelang van omstandighede.
- **Skrywers kan volgens eie voorkeur in Afrikaans of in Engels skryf.**

## *Wat is geïntegreerde verslaggewing?*

Geïntegreerde verslaggewing is 'n nuwe ontwikkeling in korporatiewe verslaggewing. Dit verteenwoordig 'n groot denkskuif in die manier waarop ondernemings na hulle sakemodelle en hoe hulle waarde skep kyk. Die Universiteit Stellenbosch het gelukkig al 'n hele ent op hierdie pad gevorder!

Geïntegreerde verslaggewing is 'n proses wat organisasies stimuleer om doelwitte te stel, hulle prestasie te meet en daardeur by te dra tot die omskakeling na 'n volhoubare globale ekonomie – een wat langtermyn-winsgewendheid met sosiale verantwoordelikheid en omgewingsorg kombineer. Die geïntegreerde verslag is die belangrikste medium waardeur die Universiteit sy omgewings-, sosiale en oorsigbestuursprestasies kommunikeer, terwyl die positiewe en negatiewe impak van sy aktiwiteite getoon word. Die stukrag vir hierdie soort verslaggewing is die aangeleenthede wat die Universiteit, in reaksie op sy belanghebbers se verwagtings en belangstellings, as wesenlik beskou.

Die Universiteit ontwerp sy geïntegreerde verslag om aan die regering en sy donateurs, alumni en ander lesers te verduidelik hoe hy waarde oor die kort, medium en lang termyn skep. Waarde word baie breër gedefinieer as wins of finansiële voordeel uit erkenning dat 'n groot proporsie van 'n universiteit se waarde nie in finansiële terme gemeet en op sy balansstaat aangedui kan word nie.

Die skep van waarde is afhanklik van verskeie hulpbronne en van verhoudings wat met belanghebbers en vennote opgebou word. Waardeskepping vind nie net binne die Universiteit plaas nie, maar word beïnvloed deur die eksterne omgewing waarin hy sy werk doen. Die hulpbronne en die verhoudings wat die Universiteit gebruik en 'n invloed op uitoefen, word gesamentlik kapitale (= iets wat waarde het) genoem en gekategoriseer as finansiële, vervaardigde, intellektuele, menslike, sosiale en verhoudingskapitaal, en natuurlike kapitaal. Ons geïntegreerde verslag gee die lesers dus insig in die Universiteit se interaksie met die eksterne omgewing en al die kapitale om waarde te skep.




Figure 1: The Guiding Principles and Content Elements.

Die *International <IR> framework (2013)* sit riglyne uiteen vir die inhoud van 'n geïntegreerde verslag. Figuur 1 uit bogenoemde raamwerk se voorafgaande konsultasiekonsep som die **riglyne en inhoudselemente** netjies op. U sal opmerk dat die VS-verslae hoofsaaklik die inhoudselement *Performance* volgens die Universiteit se strategie en doelwitte dek en dit integreer met inligting oor die inhoudselemente *Opportunities and Risks* en *Future Outlook*.

Geïntegreerde verslaggewing, met sy fokus op langtermynwaardeskepping, is 'n goue geleentheid om te verbeter op die ou stelsel wat grootliks gefragmenteerd, kompleks en nakomingsgedrewe is. Dit berus op geïntegreerde organisatoriese denke en het 'n groter kans om korporatiewe gedrag en die toekenning van kapitale in ooreenstemming te bring met die breër oogmerke van finansiële stabiliteit en volhoubare ontwikkeling. Organisasies wat hierin slaag, kan met reg “goeie korporatiewe burgers” genoem word.

# Inhoudsraamwerk

---

## *Vrae as raamwerk vir die inwin van inligting oor die VS-omgewings se vordering met hul doelwitte*

Hierdie vrae neem die King IV-verslag se beklemtoning van “doen” vir geïntegreerde verslagdoening in ag (wat, hoe, waarmee, hoe lank). Die US bied sy vordering met sy doelwitte geïntegreerd volgens sy Institusionele Voorneme en Strategie aan. Elke VS-omgewing doen dus volgens die omgewing se vasgestelde strategiese doelwitte, soos uiteengesit in sy omgewingsplan, verslag. Elke afdeling in so 'n VS-omgewing se antwoorde op die volgende vrae word dan geïntegreer om die VS se geïntegreerde verslag te lewer.

Kyk ook die afdeling “Requirements of DHET per Responsibility Centre” op bladsy 12, waar die inligting wat deur die DHOO vereis word vir u gerief gelys word. U kan daar nagaan of u verslag ook aan die DHOO-vereistes vir u VS voldoen.

### **Skryfopdrag aan VS-afdelings**


1. Watter **waarde** skep die afdeling vir die Universiteit?
2. Wat was die afdeling se **strategiese doelwitte** vir die verslagjaar 2017 soos dit verband hou met die strategiese doelwitte van die Verantwoordelikeheidsentrum waaronder u val?
  - a. Noem die doelwit.
  - b. Gee agtergrondinligting of redes om te verduidelik hoe die doelwit inskakel by die interne en/of eksterne konteks.
  - c. Wat het die afdeling gedoen om die doelwit te bereik?
  - d. Noem die hulpbronne wat u daarvoor gebruik het.
  - e. Oor watter tydperk word die projek/aktiwiteit uitgevoer om die doel te verwesenlik?
3. Indien u met uitdagende **risiko's** te kampe gehad het, noem dit by die doelwit en verduidelik hoe u dit hanteer het of, waar moontlik, in 'n geleentheid omskep het. Raadpleeg die risikotermokaart vir die Universiteit se belangrikste risiko's verderaan.

### **Skryfopdrag aan VS-hoof**

1. Skryf 'n **slotparagraaf** waarin u 'n **vooruitskouing** gee van watter uitdagings en onsekerhede u waarskynlik in die toekoms gaan teëkom in die verwesenliking van u VS se strategiese doelwitte en wat die implikasies vir die Univeristeit se besigheidsmodel en toekomstige prestasie gaan wees. Hierdie vooruitskouing berus op betroubare inligting en deursigtige analise oor die verwagtinge van die Rektoraat en die Raad oor die eksterne omgewing in die kort, medium en lang termyn; hoe dit die organisasie sal affekteer en hoe die organisasie tans toegerus is om die kritieke uitdagings en onsekerhede te hanteer. Dink hier ook aan tegnologiese vooruitgang en hoe dit die hoëonderwysomgewing verander.

# RISK HEAT MAP - SEPTEMBER 2018

- ↑ Increased Exposure
- ↓ Decreased Exposure
- ★ New Risk
- ↔ Work in progress





# Gids by die skryf van jaarverslagteks

---

'n Kort vraelys is saamgestel om die inligting van die jaarverslag mee in te samel. Hierdie gids gee leiding oor hoe die vrae moontlik beantwoord kan word en waar om beskrywings van die begrippe na te slaan.

*Elke afdeling doen oor sy kernfunksies verslag volgens die strategiese temas en doelwitte van hul eie sakeplanne. Hierdie sakeplanne sluit natuurlik aan by die Universiteit se Institusionele Voorneme soos uiteengesit in Universiteit Stellenbosch Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018 en die Universiteit Stellenbosch Institusionele Plan 2015–2020. Die verslaginligting is **handelingsgeoriënteerd** soos voorgeskryf deur geïntegreerde verslaggewing.*

Die drie strategiese prioriteite soos uiteengesit in die Institusionele Voorneme en Strategie, lei 'n nuwe fase in met die klem op die versterking van die US se momentum van uitnemendheid; op 'n verhoging in die US se impak op die samelewing en op 'n verbreding van toegang tot die US.

Vervolgens word inligtingstrukturerende vrae aangebied – toegelig met 'n voorbeeld en kommentaar. In die teks merk “📖” die bronne wat ons gebruik het en wat heel laaste gelys word vir u inligting.

## *Voorbeelde van vrae en antwoorde*

Vraag 1: Watter waarde skep die afdeling vir die Universiteit?

Voorbeeld

*As instaatsteller van die US se kernbedrywighede het die Afdeling Fasiliteitsbestuur deur sy werksaamhede 'n invloed op akademiese én steundienspersoneel se werksplekke. Ons verskaf doelgeskikte fasiliteite en aangename werksomgewings om te verseker dat personeel suksesvol en gelukkig kan werk.*

Kommentaar

Beskryf kernagtig die afdeling se rol, funksie of nut vir die Universiteit. Neem die effek van die afdeling se bedrywighede op die samelewing en die invloed van die Universiteit se eksterne konteks op die afdeling se bedrywighede ook in ag.

Vraag 2: Wat was die afdeling se strategiese doelwitte vir die verslagjaar 2017 soos dit verband hou met die strategiese doelwitte van die Verantwoordelikeheidsentrum waaronder u val?

- Noem die doelwitte.
- Gee agtergrondinligting of redes om te verduidelik hoe elke doelwit inskakel by die interne en/of eksterne konteks.
- Wat het die afdeling gedoen om die doelwit te bereik?

- d. Noem die hulpbronne wat u daarvoor gebruik het.
- e. Oor watter tydperk word die projek/aktiwiteit uitgevoer om die oogmerk te verwesenlik?

#### Voorbeeld

### Verbreding van toegang

[a] Om teen 2015 nog 2 500 beddens by die huidige 7 600 te voeg, wat die verhouding tussen beddens en ingeskrewe studente van 29,5% na 36,1% sal opstoot. [b] Daar is onteenseglik bewys dat inwonende studente oor die algemeen meer suksesvol is as pendelstudente. Die beskikbare beddens op die kampus het egter, veral in die afgelope dekade, nie met die groeiende studentetal tred gehou nie. [c] In November 2012 is begin met vier huisvestingsbouprojekte wat 772 beddens teen 2013 sal lewer en [e] uiteindelik in 2015 voltooi sal wees. [d] Boukontrakteurs is aangestel om die projek ter waarde van R204 miljoen te onderneem.

#### Kommentaar

Besluit watter subvrae van (a) tot (e) betrekking het op elke doelwit en laat uit wat nie sinvol is nie.

[a] Die afdeling se doelwitte sal verband hou met die strategiese prioriteite in sy sakeplan, wat op hul beurt afgestem is op die Verantwoordelikeheidsentrum se strategiese doelwitte soos uiteengesit in die Institusionele Voorneme van die Universiteit. (☰ 1)

[b] Soos die voorbeeld hierbo, kan u ook bietjie agtergrondinligting gee om die doelwit toe te lig. Bronne kan finansiële, vervaardigde, intellektuele, mense-, sosiale en natuurlike kapitaal wees. (☰ 2 en 3). Waar dit vanselfsprekend is dat die afdeling se eie personeel betrokke is, noem eksterne hulpbronne wat aangewend word.

[c] Beskryf die handeling wat uitgevoer is om die doelwit te verwesenlik.

[d] U kan begin om die koppeling tussen kernaktiwiteite en doelwitte en finansiële toedelings te maak.

[e] Noem die tydsduur van die doelwit: korter as 1 jaar (kort termyn); 1 tot 5 jaar (medium termyn) of langer as 5 jaar (lang termyn). Vir projekte langer as een jaar, noem die aanvangsjaar. Deel gerus u toekomsplanne vir die doelwit.

☰1 Universiteit Stellenbosch. *Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018*, bladsy 35 en 38–39.

☰2 *The International <IR> Framework onder Strategy and resource allocation en Performance*, bladsy 27–28.

☰3 *The International <IR> Framework onder Categories and description of the capitals*, bladsy 11–12.

Vraag 3: Indien u met uitdagende risiko's te kampe gehad het in die verwesenliking van 'n doelwit, noem dit by die doelwit en verduidelik hoe u dit hanteer het of, waar moontlik, in 'n geleentheid omskep het.

Voorbeeld

Risiko dat munisipale koste om afval te verwyder baie duur gaan word bied 'n geleentheid om biodegradeerbare afval in kompos te omskep. Raadpleeg die "Risk Heat Map" op bladsy 8 vir die Universiteit se belangrikste risiko's.

▣ *The International <IR> Framework onder Risks and opportunities, bladsy 27.*

## *VS-hoofse bydrae*

Vraag 4: Skryf 'n slotparagraaf waarin u 'n vooruitskouing gee van watter uitdagings en onsekerhede u waarskynlik in die toekoms gaan teëkom in die verwesenliking van u VS se strategiese doelwitte en wat die implikasies vir die Univeristeit se besigheidsmodel en toekomstige prestasie gaan wees.

Hierdie vooruitskouing berus op betroubare inligting en deursigtige analise oor die verwagtinge van die RBS en die Raad oor (1) die eksterne omgewing in die kort, medium en lang termyn; (2) hoe dit die organisasie sal affekteer; en (3) hoe die organisasie tans toegerus is om die kritieke uitdagings en onsekerhede te hanteer.

'n Geïntegreerde verslag bespreek die potensiële implikasies, insluitend implikasies vir toekomstige finansiële prestasie, ten opsigte van:

- Die eksterne omgewing, geleenthede en risiko's met 'n analise van hoe dit die strategiese doelwitte kan beïnvloed;
- Die beskikbaarheid, kwaliteit en bekostigbaarheid van hulpbronne (kapitale) wat die Universiteit gebruik (soos kundige personeel of natuurlike hulpbronne), insluitend van hoe sleutelverhoudings bestuur word en hoekom hulle belangrik is vir die Universiteit se vermoë om waarde te skep.

Maak seker dat die instansie se gestelde verwagtings in die realiteit geanker is. Die bespreking gee die lesers van die verslag 'n begrip van die Universiteit se hoofaannames en moontlike risiko's, en, waar prakties moontlik, gee dit rigtinggewende indikatore, kernprestasielindikatore en vooruitsigte, relevante inligting van eksterne bronne en noukeurige analises ter staving van die vooruitsigte.

Vraag 5: Wat is die belangrikste bydrae(s) deur u VS-omgewing tot volhoubaarheid? Hierdie inligting word by die Rektor se Verslag oor volhoubaarheid geïntegreer.

Vraag 6: Wat is die belangrikste bydrae(s) deur u VS-omgewing tot transformasie? Hierdie inligting word in die Rektor se Verslag oor transformasie geïntegreer.

# Requirements of DHET per Responsibility Centre

---

Here, for your convenience, the information that the Government Gazette, 9 June 2014, No. 37726, prescribes for higher education annual reports are organised according to SU's responsibility centres. As part of our effort to render the University a good corporate citizen, the information serves as a checklist to make sure that all the information the Government requires are included in our integrated report where relevant under our strategic goals.

## Chief Operating Officer

- The principal managerial/administrative achievements must be measured in terms of the plans, goals and objectives set for the period under review
- The achievements of the administrative structures and resources, regarding both personnel and systems, should be assessed in terms of realistic expectations
- The quality of information available to management and the administrative processes involved

## Learning and Teaching

- Changes in academic structures
- Student services and extra-curricular activities
- Changing patterns in the provision of academic courses
- Significant developments and achievements in teaching and learning, e.g. modes of delivery
- Composition and size of student body; [statistics]
- Teaching and Learning:
  - Limitations on access to certain courses
  - Awards and achievement [covered in our report under "The University acknowledges excellence"]
  - Funding
  - Outputs produced
- Access to financial aid
- Relationships with the community, both academic and service

## Research and Innovation

- Changes in academic structures
- Significant developments and achievements in research
- Research

- Summaries of various programmes [Editor: Covered in the Report by Senate. [Noem **liewer interessante geregistreerde patente hier.**]
- Awards [covered in part in our report under “The University acknowledges excellence”]
- Funding
- Outputs produced
- Access to financial aid
- Relationships with the community, both academic and service

### Social Impact

- Changes in structures
- Access to financial aid
- Relationships with the community, both academic and service

### Personnel


**Please have a section on “Personnel” under “Adding to our value proposition with an improved staff corps” in which the following information are included.**

- Managerial/administrative aspects of the operations of the institution, including new senior executive/administrative appointments
- The achievements of the administrative structures and resources, regarding both personnel and systems, should be assessed in terms of realistic expectations
- The adequacy of staffing levels, particularly in critical areas
- The extent to which equity targets in the workplace have been realised [statistics: CCD request these from the Division for Information Governance)]
- **Good to have: Bridging of gender gap in salaries. (show last 5 years)**
- **Good to have: Do we have a target for people with disabilities?**

### Statistics

[Editor: Further statistics may be supplied according to the institution’s needs, such as the Strategic Management Indicators.]


- Enrolment and effectiveness targets set by the Minister for the institution [SU Annual Report 2015: page 26]
- Composition and size of student body
- Levels of academic progress in different disciplines and levels of study
- The extent to which equity targets in the workplace have been realised

 *Government Gazette*, 9 June 2014, No. 37726

## *Bronne*

 Universiteit Stellenbosch 2013. *Universiteit Stellenbosch Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018*

Beskikbaar onderaan bladsy by <http://www.sun.ac.za/afrikaans/meer-oor/strategic-documents>

 *Government Gazette*, 9 June 2014, No. 37726

<https://archive.opengazettes.org.za/archive/ZA/2014/government-gazette-ZA-vol-588-no-37726-dated-2014-06-09.pdf>

 International Integrated Reporting Council 2013. *The International <IR> Framework*

<http://integratedreporting.org/resource/international-ir-framework/>

 King IV. *Report on Governance in South Africa*

Available at <https://integratedreportingsa.org/king-iv-report-on-corporate-governance/>

 Universiteit Stellenbosch Institusionele Plan 2018–2023